In vandag se nuusbrief – 29 Januarie 2021

- Skaap-ondersoek: Internasionale waardekettings
- Monitering van weivelde
- (SSC) ECF OPGAWES VOOR 31 MAART
- BV en ander nuus

Skaap-ondersoek: Internasionale waardekettings

Skaapprodusente in Namibië het onder leiding van die Lewendehawe Produsente Organisasie (LPO), die inisiatief geneem om ’n studie te loods wat bepaal of internasionale waardekettings vir lam- en skaapvleis volhoubare voordele vir plaaslike slagplase vir skaapuitvoer het, om sodoende skape van primêre skaapprodusente outomaties te lok in ’n ongereguleerde mark. Hierdie studie kom teen die agtergrond dat die geskiedenis wys dat abattoirs wat slégs na Suid-Afrika uitvoer, nie finansieël kan oorleef nie.

Die doel van hierdie studie is dus om lewensvatbare internasionale markgeleenthede vir Namibiese skape te identifiseer, om sodoende plaaslike aanbod van primêre produsente volhoubaar tot voordeel van Namibië as geheel, te bewerkstellig. Bokke sal ook by die studie ingesluit word.

’n Komitee is reeds uit verteenwoordigers van die skaapbedryf saamgestel. Hartlief (FMM) het ook sy steun vir die studie uitgespreek en sal deel vorm van die komitee. Hulle sal ook help om die kostes te dra. Die opdragvoorwaardes is opgestel en ’n konsultant sal aangestel word om die studie te doen.

DANKIE AAN ONS KORPORATIEWE LEDE

Feedmaster agra NAMIB POULTRY namibmills Bank Windhoek

Monitering van weivelde

Agri-Ecological Services is in 2010 deur dr. Cornelis van der Waal gestig en het verskeie projekte saam met ander vennote geïmplementeer, waaronder die landelike gesondheidsassesserings, die ontwikkeling van moniteringstelsels (insluitend die landelike vroeë waarskuwingstelse)l, afstandwaarneming en hulp met assessering van biodiversiteit, soos NamPower se “Bush-to-Power”-projek.

Een van die projekte van Agri-Ecological Services wat reeds vir vyf jaar geïmplementeer word, is die monitering van Namibiese weivelde. Die projek bring deur middel van afstandwaarneming akkurate plantegroei-data uit die ruimte, na die vingerpunte van die boer. Hierdie satellietdata (na ontleding en kartering) kan ’n boer in Namibië vertel waar die meeste plantegroei tans op sy plaas voorkom en hoe dit vergelyk kan word met ander plase in die omgewing, asook met vorige seisoene.

Die droë, wisselvallige en onvoorspelbare klimaat van Namibië maak dit vir boere moeilik om korrekte besluite oor grondbestuur te neem. Alhoewel hierdie jaarlikse besluite op korttermyn die lewensbestaan van boere sal beïnvloed, sal jare van swak besluite ’n tol op die weiding self eis. Wanneer die agteruitgang van weiding en die gevolge van klimaatsverandering saam beskou word, sal die kanse vir suksesvolle boerderye waarskynlik mettertyd afneem. Die weiveldmoniteringsprojek van Agri-Ecological Services word dus as ’n kritieke en tydige ingryping vir boere beskou.

Die weiveldmoniteringswebwerf gebruik data vir afstandwaarneming om elke tien dae kaarte gedurende die reënseisoen (Oktober tot Mei) te vervaardig. Die kaarte dek elke streek van die land en ’n paar spesiale belangstellingsareas (bv. Etosha Nasionale Park), met ’n aanduiding van die plaasgrense, dorpe en paaie. Boere kan dus hul boerderye maklik vind en met ander in die land.vergelyk.

Om die kaarte van die huidige seisoen se groei in plantegroei te besigtig en om volledige inligting oor die projek te bekom besoek www.namibiarangelands.com/products/

(SSC) ECF OPGAWES VOOR 31 MAART

Lede word daaraan herinner dat hulle jaarlikse ECF-loonopgawes voor of op 31 Maart 2021 aan die SSC gestuur moet word vir die 2021/22 finansiële jaar. Ons het die klagtes van sommige van ons boere dat SSC nie meer die vorms uitstuur soos in die verlede nie, met hulle opgeneem. SCC het voorgeneem om wel gedurende Januarie 2021 vorms aan werkgewers van wie hulle die korrekte posadresse het, te stuur. Hierdie “beseer aan diens”-dekking is verpligtend t.o.v. werknemers met ’n jaarlikse salaris van N$ 81,300 of minder.

Diegene wat nie teen einde Februarie 2021die vorms in die pos ontvang het nie, kan die vorms by enige SSC-kantoor afhaal of by die skakel onderaan hierdie berig aflaai. ’n “Notice of Assessment” sal binne 30 dae nadat die SSC die ECF-loonopgawes ontvang het, aan die werkgewer uitreik, wat dan weer binne 30 dae vanaf die aanslagdatum betaalbaar is.

Hierdie prosesse kan ook alles per e-pos hanteer word en ons lede wat nog nie elektronies met die SSC kommunikeer nie, word aangemoedig om vir hul eie gerief die regte e-posadresse by hul naaste SSC-kantoor aan te meld.

Kliek hier om die vorm af te laai.

Agra ProVision open nuwe Landbou Akademie

Agra ProVision bied nou ’n geleentheid aan studente, boere en individue om vanuit hulle huis via die internet te studeer. Agripedia, wat deur Agra ProVision gebruik word, is ’n internetplatform waar alle inligting, video’s, grafieke ens. afgelaai kan word. Belangstellendes kan reeds vir die Januarie 2021-inname registreer. Vir meer besonderhede kliek hier.

Meatco Algemene Jaarvergadering

Meatco stel hiermee produsente in kennis dat vanjaar se Algemene Jaarvergadering (die 34ste AJV) op 19 Februarie 2021 by NIPAM (Namibië Instituut van Openbare Administrasie en Bestuur) in Windhoek sal plaasvind.

Soos bepaal deur die Meatco Wet, Wet 1 van 2001, Seksie 14(8), mag slegs geregistreerde lede van die Meatco Korporasie van Namibië die AJV bywoon en stem.

Die resolusie van die 33ste AJV bepaal dat, om te kwalifiseer vir registrasie as ’n lid van Meatco, soos per Seksie 17(1), moet ’n produsent ten minste een eenheid lewendehawe aan Meatco verkoop het gedurende die tydperk onmiddellik vóór die datum waarop lidmaatskap bepaal is, naamlik, drie jaar vir lede suid van die veterinêre kordonheining (VKH) en vyf jaar vir lede noord van die veterinêre kordonheining (VKH).

Meer inligting oor die spesifieke tyd en plek van die vergadering volg binnekort.

NLU AgriBraai 2021

Die NLU AgriBraai wat vir 26 & 27 Maart 2021 by die Mariental Skougronde beplan was, is tentatief uitgestel as gevolg van COVID-19-beperkinge. Nuwe datums sal gekommunikeer word, sodra dit bevestig is. Vir navrae, kontak Hoekus van Niekerk by 081 294 4676 of uhlenhorst.bv.sekretaris@gmail.com of Corrine van Wyk by www@afol.com.na of 081 358 2299.

Kanaal 7

Is jy 'n boer of stel jy belang in landbousake? Kom reis dan elke Saterdagoggend om 06:00 saam tydens *Landbou Joernaal*, waar ons gaste inlig oor 'n wye verskeidenheid van onderwerpe. Ons gesels oor vee- en saaiboerderye met hulle kwale, peste en probleme; visse; insekte en sommer goggas en geite ook! Daar is ook altyd iets waaby ons vrouekykers aanklank sal vind. Blaai weekliks saam met ons deur die bladsye van die *Landbou Weekblad* en onthou, die herhaling van *Landbou Joernaal* vind op 'n Woensdagaand om 20:00 plaas. Jy kan ook op DSTV se klankkanaal 825 en op Kanaal 7 se webwerf www.k7.com.na luister, en indien jy iets gemis het, kan jy dit hiér onder Potgooi vind. Bly op hoogte van landbousake deur ons op FB by "Landbou op K7" te volg en gesels saam deur 'n sms na 1023 met die kodewoord "landbou" te stuur**.**

Luister *Landbou Joernaal*, in vriendelike samewerking met FNB Namibië. Hoe kan ons jou help?

BV en ander nuus

- Die *Standard Bank Biomass Fair* 2021 sal vanaf 3-5 Junie 2021 by die Otjiwa Lodge in Otjiwarongo plaasvind. Op 3 Junie word die navorsingsimposium gehou, op 4 Junie die industriekonferensie en op 5 Junie die Expo. Vir verdere besonderhede, kontak Roelien by 081 1240081 of roelien@biomassfair.com.na.

GEDAGTE VAN DIE WEEK

Die lewe is 'n geskenk. Word elke dag wakker en besef dit.

Vrywaring: Hoewel alles gedoen is om die akkuraatheid van hierdie inligting te verseker, neem die NLU geen verantwoordelikheid vir aksies wat mag voorkom of verliese gely as gevolg van die gebruik van hierdie inligting nie.